



Waterdoop en ewige verlossing

Baie kwessies wat met waterdoop verband hou kan bespreek word, maar die belangrikste kwessie is of dit ewige verlossing kan verkry. Moet iemand in water gedoop word om die ewige lewe te hê?

Die belang van doop

Die woord *doop* beteken om te dip of te onderdompel. Onderdompeling pas die beste by die Bybelse bewyse (Johannes 3:23; Handeling 8:36-39) en beeld die geestelike onderdompeling van die gelowige in Christus se liggaam (Rom. 6:3-4) die beste uit. Hierdie geestelike doop op die oomblik van geloof beklee die gelowige met nuwe en ewige lewe. Waterdoop, wat enige tyd later kan gebeur, beeld daardie geestelike transaksie uit wat die gelowige met Christus in Sy dood en heropstanding verenig. 'n Gedoopte gelowige verklaar in die openbaar dat hy 'n nuwe persoon in Christus is en nou tot die liggaam van Christus behoort.

Die belangrikheid van doop

Jesus het opdrag gegee dat diegene wat glo, gedoop moet word en dit is die verwagte norm vir gelowiges in die Nuwe Testament (Matt. 28:19; Hand. 2:41; 8:12; 10:47-48; 16:14-15, 31-33). Dit word nie voorgehou as 'n opsie onderhewig aan jou voorkeur nie, maar dit word ook nooit gegee as 'n vereiste vir verlossing nie.

Die enigste voorwaarde vir verlossing

Die duidelikste stellings van die Woord verklaar dat ewige redding deur genade is deur geloof alleen in Christus alleen (Joh. 3:16; 6:47; Ef. 2:8-9). Aangesien genade 'n gratis onverdiende geskenk beteken, word enige handeling of verbintenis wat bedoel is om verlossing te verdien, noodwendig uitgesluit (Rom. 11:6). Geloof is die oortuiging dat God se belofte waar is, daarom sluit dit ook enige daad of belofte uit omdat dit eenvoudig aanvaar wat reeds belowe en betaal is (Rom. 3:24; Ef. 2:8-9). Wanneer ons sê dat ons geloof in Christus alleen is, bedoel ons dat Christus alles gedoen het wat nodig was om ons verlossing te behaal. Ons kan niks byvoeg nie – geen verbintenis, geen daad van gehoorsaamheid, geen goeie werk nie – om ons verlossing te verwerf. Daarom moet ons omstrede Skrifgedeeltes oor die doop verstaan in die lig van die duidelike skriftuurlike lering dat geloof alleen in Christus alleen die ewige lewe verwerf.

Sommige misverstande Bybelgedeeltes oor doop

Johannes se doop. Johannes die Doper het gekom om te doop tot skuldbesef (Matt. 3:11; Mark 1:4; Lukas 3:3). Sy doop het die Joodse volk opgeroep om hulself voor te berei vir die komende Messias deur tot inkeer te kom van hul sondes en hul assosiasies met die afvallige Judaïsme. Dat sy doop nie tot verlossing was nie is duidelik uit Handeling 19:1-5, waar sy dissipels aangesê is om in Jesus Christus te glo om die Heilige Gees te ontvang.

Markus 16:15-16. Dit word betwis of die einde van Markus (16:9 en verder) in die oorspronklike Nuwe Testament was. As 'n mens dit aanvaar ter wille van die argument, gee Jesus aan die dissipels opdrag om die evangelie te preek en sê: "Hy wat glo en gedoop is sal

gered word.” Maar hy maak dan die enigste voorwaarde van veroordeling: “Hy wat nie glo nie” (v. 15), nie “hy wat nie glo *en gedoop word nie*.” Doop is nie ’n voorwaarde vir verlossing of veroordeling nie.

Johannes 3:5. Daar is ’n paar maniere hoe “gebore uit water en van die Gees” verstaan kan word, maar as die konteks in ag geneem word, is doop beslis nie die beste nie. Party mense verstaan water as ’n verwysing van liggaamlike geboorte, aangesien dit is wat Nikodemus gevra het (v. 4). Dit sal dalk beter wees om water te verstaan as ’n verwysing na die Heilige Gees (“water, selfs die Gees” of “water, dit wil sê die Gees”) aangesien geestelike geboorte die fokus is van die daaropvolgende bespreking (vv. 6-8) en iets wat Nikodemus, as Israel se leraar, moes geweet het belowe is in die Nuwe Verbond (v. 10; vergelyk Eseg. 36:25-27; Jes. 44:3; sien ook Joh. 7:38-39; Titus 3:5).

Handelinge 2:38. Verskeie interpretasies van hierdie moeilike teks ontken die nodigheid van doop vir ewige verlossing. Moontlik voer die een wat die meeste konsekwent met die teks is aan dat hierdie Jode geglo het toe hulle oortuig is deur Petrus se boodskap, soos wat duidelik is uit hul smart en hul vraag “Wat sal ons doen?” (2:37). Bekering en doop was Petrus se raad. Hy het hierdie nuwe Joodse gelowiges dringend versoek om te identifiseer met die Christelike gemeenskap ten einde te ontkom aan die oordeel wat oor hul sondige geslag hang omdat hulle Christus gekruisig het (v. 40). Vergiffenis van hierdie sonde (nie hul ewige verlossing nie) het afgehang van die bekering waarop hul doop gedui het. Hul berouvolle doop was ook die voorwaarde vir die ontvangs van die Heilige Gees vir hierdie Jode in hierdie oorgangstydperk. Later het nie-Jode die Gees onmiddellik ontvang vandat hulle in Christus glo (Handelinge 10:43-44; 15:7-9).

Romeine 6:3-4. Dit is baie duidelik in hierdie uittreksel dat Paulus praat van die daad van Geestelike doop, wat almal wat glo in die liggaam van Christus plaas (onderdompel). Hierdie Geestelike doop is voorspel deur Christus (Matt. 3:11; Markus 1:8; Lukas 3:16; Joh. 1:33; Handelinge 1:5) en is wesenlik vir alle gelowiges (1 Kor. 12:13).

1 Petrus 3:21. In die lig van vers 20 wat dit stel dat Noag en sy familie gered is deur water omdat hulle in die ark was, word gelowiges figuurlik gered deur die water van die doop net omdat hulle in die opgestane Christus is. In die konteks kan hierdie gelowiges wat deur lyding in die gesig gestaar is gered word van ’n skuldige gewete, wat sou kom deur hul geloof te ontken, deur in die openbaar met Christus te identifiseer deur die doop (sien v. 16).

Gevolgtrekking

Ander argumente kan opgehaal word om te wys dat doop nie die ewige lewe verkry nie: Paulus het nie die doop as deel van die evangelie verstaan nie, en met ’n paar uitsonderings het hy dit nie deel van sy bediening gemaak nie (1 Kor. 1:14-17). Die dief aan die kruis het ’n plek in die paradys gekry sonder die doop (Lukas 23:40-43); Kornelius en sy huishouding het die Heilige Gees (en daarom verlossing) voor hul doop gekry (Handelinge 10:44-48). Maar die mees deurslaggewende argument teen die doop as ’n voorwaarde vir verlossing kom van die aard van God se genade, wat die grondslag van ewige verlossing is. Sy genade is altyd gratis en onverdiend en word net verkry deur geloof in Jesus Christus.